# Gemaak om meer te doen

**Louis Du Piesanie 17/02/2019**

**Efesiërs 1:22-23 "... en Hy (God) het alle dinge onder sy (Jesus) voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."**

## 1. UITLEG VIR ELKE CHRISTEN SE LEWE

**1.1.** **WEES -** Geskep/vakmanskap: **Wie** is ek gemaak om te wees? 'n **Seun** van God en 'n **dissipel** van Jesus.

**1.2.** **DOEN -** Goeie werk: Wat is ek geroep om te doen? Kern missie is om dissipels te maak.

**1.3.** **GAAN -** Bestemming: Waarna toe is ek geroep om te gaan? Kern posisie is om te gaan na geleenthede waar ons leef, werk en speel.

**Efesiërs 2:10 "God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."**

**1 Petrus 2:9 (Die Boodskap) "Dit geld egter nie vir julle nie, want God het júlle as sy volk gekies. Julle is 'n koninkryk wat uit priesters bestaan, 'n nasie wat heeltemal in God se diens staan, 'n volk wat heeltemal God s'n is. Dít het God bewerk sodat julle vir almal kan wys hoe goed Hy is. Dit is immers Hy wat julle uit die duisternis in sy wonderlike lig ingeroep het."**

## 2. DIE DRIE VERSKILLENDE SOORTE GEESTELIKE GAWES:

**2.1.** Manifestasie van die Heilige Gees

**1 Korintiërs 12:4-7 (NLV) "Daar is 'n hele verskeidenheid geestelike gawes, en tog kom hulle van dieselfde Gees. En daar is 'n hele verskeidenheid bedienings, maar ons dien dieselfde Here. Daar is talle aktiwiteite in die gemeente, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge kragtig in ons almal aktiveer. Elkeen van ons ontvang 'n manifestasie van die Gees om die gemeente te bevoordeel."**

**1 Korintiërs 12:7-11 (AFR83) "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. Aan die een gee Hy die krag om wonders te**

**doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil."**

**2.2.** Motiverings gawes

**Romeine 12:6-8 (AFR83) "Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid."**

**2.3.** Bedienings gawes

**Efesiërs 4:11-16 "Hy het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou. So sal ons uiteindelik almal deur geloof en deurdat ons die Seun van God ken, 'n eenheid vorm, 'n volmaakte mens, wat aan die standaard van Christus se volmaaktheid voldoen. Dan, as mense ons met slinksheid en slimstreke op verkeerde paaie wil lei, sal ons nie meer soos klein kindertjies wees nie. Ons sal nie meer omgewaai of weggewaai word deur die wind van elke ding wat hulle verkondig nie. Nee, terwyl ons mekaar liefhet, sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei om soos Christus te wees. Dit werk so: Christus is die Hoof. Onder leiding van die Hoof is die liggaam goed aanmekaargesit. <u>Al die ondersteunende ligamente hou die liggaam bymekaar.</u> Elke liggaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op."**

## Gesprek Gids

## Gemaak om meer te doen

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Het jy geweet dat almal wat gered is geroep is om iets vir God se koninkryk te doen en nie net die mense wat by die kerk werk nie?
2. Hoe dink jy sal die kerk anders lyk as almal in die kerk hul gawes uitleef?
3. Weet jy watter bedienings gawes jy het?